NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Rookbeleid

Verwysingsnommer	1P/1.1.11
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal
Beleideienaar	Direkteur: Werknemerverhoudinge en ISSS
Verantwoordelike afdeling	Werknemerverhoudinge
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste keer goedgekeur op 23 September 2011 en hersiening goedgekeur op 20 Junie 2014
Wysigings	
Datum van wysigings	2014
Hersieningsdatum	2016
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE -1P/1.1.11_smoking_a.docm

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Rookbeleid

1 Aanhef

As ’n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ’n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Rookbeleid op 20 Junie 2014 aanvaar.

2 Doelstellings

2.1 Die Noordwes-Universiteit (hierna genoem die NWU) is verbind tot voldoening aan alle tersaaklike werknemerwetgewing, soos wetgewing oor rook deur die Suid-Afrikaanse regering.

2.2 Rook in die werkplek word gereguleer deur die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 83 van 1993, soos van tyd tot tyd gewysig. (Die Suid-Afrikaanse Regering het die Suid-Afrikaanse wetgewing in lyn gebring met die Wêreldgesondheidsorganisasie se Raamwerkkonvensies oor Tabakbeheer.)

3 Omvang van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op alle besoekers aan die NWU, NWU-werknemers en enige ander persoon wat betrokke is by die uitvoer van alle aspekte van die dag tot dag-funksionering van die NWU. (Dit sluit in maar is nie beperk nie tot dienskontrakte van die volgende tipes: permanent, vaste termyn, tydelik, tydelike personeel van agentskappe, personeel verskaf deur arbeidsmakelaars, kontrakteurs en subkontrakteurs.)

4 Leidende beginsels

4.1 Die Rookbeleid streef daarna om alle werknemers en studente die reg te waarborg om in tabakrookvrye lug te werk en te studeer. Tabakrook sluit in sigarette (vervaardig of andersins), sigare, tabakpype, en hubbly-rooktoestelle, maar is nie beperk tot bogenoemde nie.

4.2 Lynbestuur in samewerkig met Beroepsgesondheid en Veiligheid kan reëls maak oor aangewese areas sowel as alle ander kwessies m.b.t. rook solank dit nie teenstrydig is met die betrokke wet en/of hierdie beleid nie. Sodanige reëls moet beskikbaar gestel en bekend gemaak word aan almal wat die regsgebied van lynbestuur betree. Die reëls soos bepaal deur lynbestuur moet voor die Werkplekforum van daardie spesifieke werkplek dien ten einde te verseker dat al sodanige reëls belyn is, nie bevooroordeeld is teen werknemers nie en nie onregverdig is nie.

5 Beleid

5.1 Die Rookbeleid moet sigbaar gemaak word aan alle besoekers, studente en werknemers deur die aanbring van toepaslike kennisgewings by alle ingange van geboue van die NWU.

5.2 Nievoldoening aan die vereistes van die Rookbeleid kom neer op wangedrag (ingevolge die werknemers se Gedragshandleiding, en studentetugreëls van die NWU) en daar sal toepaslik opgetree word teen enige werknemer of student wat nie aan die vereistes van die Rookbeleid voldoen nie.

5.3 Alle werknemers en studente moet enige beweerde nievoldoening aan die Rookbeleid onverwyld aanmeld by ’n gesondheids- en veiligheidskoördineerder of komiteelid, of die bestuur. Alle bewerings van nievoldoening sal deur die bestuur ondersoek word.

5.1 Aangewese rookareas

5.1.1 Rook word slegs toegelaat in aangewese rookareas, geïdentifiseer deur “Rookarea”-tekens. Rook naby ’n oop venster word nie toegelaat as die oop venster nie in ’n aangewese rookarea is nie. Rook word ook nie toegelaat binne ’n radius van ten minste 10 meter van enige gebou af nie.

5.1.2 Identifikasie van aangewese rookareas word bepaal deur die bestuur in oorleg met die lede van die gesondheids- en veiligheidskomitee, en die aangewese rookarea sal aangedui word deur ’n toepaslike kennisgewing wat voldoen aan die NWU se korporatiewe identiteit-spesifikasies.

5.1.3 Vereistes vir aangewese rookareas (nie beperk tot die volgende vereistes):

5.1.3.1 Aangewese rookareas mag nie vereis word vir enige ander werkverwante of residensieel-verwante doeleindes nie.

5.1.3.2 Aangewese rookareas mag nie areas wees wat algemeen en dikwels deur werknemers en studente gebruik word nie. Byvoorbeeld: gange, ingange of voorportale, trappe, trapkuile, toilette, kleedkamers, teekamers, kombuise, balkonne, vergaderinglokale, of enige ander gemeenskaplike areas.

5.1.3.3 Aangewese rookareas mag nie die beeld van die NWU uit 'n openbare betrekkinge-oogpunt skaad nie.

5.1.3.4 Aangewese rookareas mag nie inbreuk maak op enige areas wat deur nierokers gebruik word nie.

5.1.3.5 Aangewese rookareas moet aan die vereistes van alle tersaaklike wetgewing voldoen.

5.1.3.6 Aangewese rookareas moet veral nie binne 'n voorgeskrewe afstand vanaf vensters of ingange, soos van tyd tot tyd voorgeskryf en gewysig, wees nie.

5.1.3.7 Alle kantore en werkareas, hetsy beset deur een persoon of gedeel deur twee of meer, is werkareas waar rook verbode is.

5.2 Rookpouses

5.2.1 Geen spesifieke tye van die dag word opsygesit vir rookpouses nie, en werknemers en studente wat wil rook, word aangemoedig om slegs gedurende goedgekeurde pouses (tussen klasse, tee- of middagetepouses) te rook, en om die regte van ander werknemers en studente in ag te neem wat voortgaan om te werk of te studeer terwyl rokers 'n ruskansie geniet terwyl hulle rook.

5.2.2 Hierdie beleid verbied werknemers nie om gedurende kantoorure te rook nie. Die bestuur en bedryfsdoeltreffendheid, werknemerproduktiwiteit en verwagte werkprestasie van die besondere individu mag nie in die gedrang gebring word deur die toegewing om te rook gedurende kantoorure nie. Elke bestuurder en/of toesighouer het die outoriteit om riglyne vas te stel waarvolgens werknemers in die kantoor toegelaat word om die kantoor of werkstasies te verlaat om gedurende kantoorure te rook (kyk paragraaf 4.2 hierbo in hierdie verband).

5.2.3 Werknemers en studente moet verseker dat hul werkprestasie nie negatief geaffekteer word deur rookpouses gedurende kantoorure nie. Lynbestuurders van sodanige nie-presterende personeel is daarvoor verantwoordelik om die wanprestasie, aanvanklik informeel, met die werknemer op te neem, deur prestasiebestuursprosesse, en indien hierdie pogings nie suksesvol is nie en die saak nie informeel bygelê kan word nie, om formele prosesse te volg.

6 Korporatiewe Bestuur, bestuursrolle en aanspreeklikhede

Die Bestuur het 'n verantwoordelikheid om wetgewing voortdurend te moniteer, hierdie beleid deurentyd by te werk en die handhawing te verseker van stelsels wat geïmplementeer is om voldoening te verseker. Die Bestuur moet byvoorbeeld verseker dat rook- en nierookareas geïdentifiseer en in stand gehou word, en moet ook verseker dat bygewerkte inligting ingesluit word in induksieprogramme vir werknemers en studente.

Oorsponklike gegewens: Anton Scheppel (11375825) P:\Beleide\1P-1.1.11_smoking _a

20 Junie 2014

Lêerverwysing: 1P/1.1.11